

Hoofstuk van die dag: Psalm 10

> *Waarom staan U so ver weg, Here? Waarom trek U U terug in tye van nood? (vers 1)*

Die probleem waarmee die digter worstel, is die feit dat hy nie die heerskappy van God so duidelik in die wêreld sien soos

wat hy meen dit behoort te wees nie. Hy kry swaar, en dit lyk asof God niks daaraan doen nie. Boonop maak die goddeloses net soos hulle wil en loop bo-oor mense sonder dat God hulle in die bek ruk.
Dis natuurlik nie ’n probleem wat net in Bybelse tye bestaan het nie! Vandag is daar steeds onreg, en kom goddelose mense letterlik met moord weg. Dan wonder ’n mens onwillekeurig hoekom dit so is. Is God weg? Steur Hy Hom maar net nie aan wat hier aangaan nie, omdat Hy in die hemel is en dinge hier op die aarde te ver weg van Hom is om Hom te raak? Hoekom vat Hy nie die goddeloses kort nie?
Die digter sluit sy psalm af met die belydenis dat God tóg sien wat gebeur, en dat Hy wél ingryp, mense se gebede hoor en hulle saak behartig (vers 17-18). Ons weet dit natuurlik baie beter as die digter van hierdie psalm, want ons sien in Jesus hoe God omgee.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026